# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

**Bergrivier Munisipaliteit verseker die welstand van alle gemeenskappe in sy gebied deur ekonomiese groei, sosiale welstand, gemeenskapsbetrokkenheid en effektiewe bestuur binne ŉ veilige en gesonde omgewing. Vroue en persone met gestremdhede word aangemoedig om aansoek te doen.**

**Bergrivier Munisipaliteit, met sy hoofkantoor te Piketberg en ongeveer 1 uur vanaf Kaapstad, beskik tans oor die volgende vakature en aansoeke word ingewag van bevoegde persone wat aan die gestelde minimum posvereistes voldoen.**

## (Her-adverteer) DIREKTORAAT: FINANSIĆLE DIENSTE (Standplaas Piketberg)

### INTERNSKAP: FINANSIĆLE DIENSTE (PIKETBERG X5)

*Nasionale Tesourie het n finansiële internskap program saamgestel om kapasiteitbou binne munisipaliteite te bestuur. Interns sal praktiese ervaring en verdere opleiding in strategiese aspekte in munisipale finansies ondergaan. Hierdie aanstelling sal vir vier en twintig (24) maande geldig wees met `n moontlike verlenging van nog `n jaar.*

**Posvereistes:** `n Drie (3) –jaar Baccalaureusgraad / Nasionale Diploma met Rekeningkunde, Ekonomie, Finansies, Risikobestuur, Oudit en/of Voorsieningskanaalbestuur · Rekenaargeletterdheid (MS Office Pakket) · Kode B Bestuurslisensie · Bevoegdheid in ten minste twee (2) van die amptelike tale van die Wes- Kaap (Afrikaans/Engels/Xhosa – Skryf, Lees en Praat) · Goeie menseverhoudinge, interpersoonlike en kommunikasie vaardighede · Vermoë om op fynere besonderhede te fokus · Hoë vlak van verantwoordelikheid · Rekenkundige en syfervaardighede · Verslagsdoeningsvaardighede · Basiese kennis van maandelikse rekonsiliasies en kennis met betrekking tot finansiële & voorsieningskanaalprosesse.

**Sleutel prestasie areas:** Assisteer met die implementering van aanvaarde munisipale rekenkundige praktyk en begrotingshervorming · Opleiding in die sleutelprestasie areas van finansiële & voorsieningskanaalprosesse · Rekonsiliasies en finansiële ontleding · Elektroniese versameling van finansiële data.

| | |
|---|---|
| **Salaris:** | R 100 000.00 per jaar<br>Totale Vergoedingspakket (soos uiteengesit in die Nasionale Tesourie Riglyne vir die implementering van MFMIP) |
| **Diensaanvaarding:** | 01 Maart 2022 of so spoedig moontlik |
| **Navrae:** | Me N Bothma by 022 913 6000 |

**ALGEMEEN:**

1. Die Munisipaliteit is 'n gelyke geleentheid werkgewer en eerbiedig die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming.
2. Die Munisipaliteit behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.
3. Alle aanstellings is onderworpe aan Polisie klaring wat noodwendig beteken dat applikante toestemming verleen dat dit verkry mag word.
4. Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word of nie van die dokumentasie hieronder genoem word nie, sal nie oorweeg word nie.
5. Slegs aansoekers op die kortlys vir onderhoude sal gekontak word. Indien 'n aansoeker binne ses weke na die sluitingsdatum nog geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar word dat die aansoek onsuksesvol was.
6. Gunswerwing by enige raadslid en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van die Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer.
7. Benewens die minimum posvereistes en standplaas hierin gestel, mag daar van posbekleërs verwag word om oortyd- en bystanddiens te verrig, asook om van tyd tot tyd in ander dele van die munisipale gebied diens te lewer, soos vereis.
8. Aanstelling in sekere poste is onderhewig aan 'n sekerheidsklaring, en daar sal ook van aansoekers verwag word om 'n onderhoud- en evalueringsproses te deurloop, en waar van toepassing, 'n vaktoets af te lê.
9. Die munisipaliteit eerbiedig die bepalings van Die Wet op die Beskerming Van Persoonlike Inligting. Met die inhandiging van u informasie en aansoek bevestig u dat die informasie wat u aan ons verskaf korrek is en 'n ware weergawe is van u mees onlangse inligting.
10. Voorkeur sal verleen word aan interne en plaaslike kandidate binne Bergrivier Munisipale area.

'n Dekbrief met vermelding van ten minste twee kontakbare verwysings (lynbestuurders, ondergeskiktes of eweknieë) vergesel van die voltooide voorgeskrewe aansoekvorm (op aanvraag verkrygbaar by Tel: 022 913 6000 of op die munisipaliteit se webwerf by www.bergmun.org.za ,'n Curriculum Vitae (maksimum 3 bladsye) en gesertifiseerde afskrifte van die nodige kwalifikasie, sertifikate, identiteitsdokument en bestuurderslisensie **(slegs een per aansoekvorm)** moet by die **Munisipale Kantore, Piketberg ingedien word of kan gepos word na Posbus 60, Piketberg, 7320 vir die aandag van Me. W Terry Thomas (Menslike Hulpbronbeampte: Voorsiening en Administrasie)**, teen nie later as die sluitingsdatum.

**GEEN FAKSE OF ELEKTRONIESE POS SAL AANVAAR WORD NIE.**

**SLUITINGSDATUM: VRYDAG, 21 JANUARIE 2022 OM 15:00**

**ADV. H LINDE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**MK 303/2021**

**KERKSTRAAT 13**
**POSBUS 60**
**PIKETBERG**
**7320**